**7 Januarie** **Skrifgedeelte: Genesis 3:1-7**
**Fokusgedeelte: Romeine 5:12**
**HK, Vraag 7**

## Sonde besmet ons totaal

Ouers moet dikwels hulle kinders verwytend vermaan: “Maar jy wil ook nie hoor nie!” So werk sonde. Nie *hoor* nie, maar *kyk wat gebeur*. Adam en Eva wou nie hoor nie. Nee, hulle het gekyk en gesien dat die vrugte mooi is. As hulle maar net gehoor het wat God aan hulle in Genesis 2:17 sê: “Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.” Laat ons maar erken dat sonde hoogs besmetlik is. Dit is veel erger as MIV. Dit steek vinniger aan as vigs. Met die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers het die sonde in ons bloed gekom. Reeds met natuurlike voortplanting dra die een dit oor na die ander. Daarom sê Ps 51:7: “Ek was met sonde belaai ... toe my moeder swanger geword het.” As die mens maar gehoor het, sou elkeen, van Adam af, verstaan dat sonde hoogs besmetlik is. Dit infekteer alle mense (Rom 5:12) reeds lank voor hulle geboorte. Dit is so erg dat ’n mens se hele menswees daardeur aangetas is. Jou gedagtes, jou woorde en al jou dade is besmet. Die sonde sit in ons persoonlikheid, ons karakter, ons geaardheid, in ons hele menslike natuur. Spreekwoordelik sit dit in ons bloed. Die Suid-Afrikaanse Bloeddiens gaan ons nie kan help nie. Ek móét eerlik bely dat ek in sonde ontvang en gebore is.

Gelukkig weet ons reeds (Sondag 1:1) dat ek met liggaam en siel aan my Saligmaker, Jesus Christus, behoort en dat Hy met sy bloed vir al my sondes betaal het.

*Sing: Psalm 51:1, 3 (1936-beryming)*
*Psalm 51:1, 2 (2001-omdigting)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*